

JOYCE MEYER

DIE EEN MILJOEN BESTE VERKOPER

Die Slagveld van ons gedagtes

Wen die Oorlog in Jou Gedagtewêreld



DIE SLAGVELD VAN ONS GEDAGTES

JOYCE
MEYER



JOYCE MEYER
MINISTRIES

Posbus 5 Kaapstad 8000

Unless otherwise indicated, all Scripture quotations are taken from
THE AMPLIFIED BIBLE: Old Testament.
Copyright © 1962, 1964 by Zondervan Publishing House
(used by permission); THE KING JAMES VERSION; and from
THE AMPLIFIED NEW TESTAMENT
Copyright © 1958 by the Lockman Foundation
(used by permission).

Copyright © 2014 by Joyce Meyer Ministries – South Africa

All rights reserved. No part of this publication may be reproduced, distributed, or transmitted in any form or by any means, or stored in a database or retrieval system, without the prior written permission of Joyce Meyer Ministries – South Africa.

Joyce Meyer Ministries – South Africa
PO Box 5, Cape Town, 8000

Phone: +27 (0) 21 701 1056
Website: www.joycemeyer.org

Go to tv.joycemeyer.org to watch Joyce's messages in a variety of languages

Battlefield of the Mind – Afrikaans
Not For Resale

INHOUD



Deel 1: Die Slagveld van Ons Gedagtes

Ons Gedagtewêreld is die Slagveld	6
Die Afbreek van Vestings	7
Soos wat jy dink, so is jy	9
Dink na oor wat jy dink	11

Deel 2: Verskillende Gemoedstoestande

Dwalende Gedagtes	15
'n Onseker Gemoed	16
'n Verwarde Gemoed	16
'n Twyfelende en Ongelowige Gemoed	18
'n Angstige, Bekommerde Gemoed	21
'n Veroordelende, Kritiese en Wantrouige Gemoed	22
'n Passiewe Gemoed	24
Die Gedagtes van die Here	26

Deel 3: 'n Woestyn-mentaliteit

Woestyn Mentaliteit	34
Julle het lank genoeg hier gebly.	34
Gebed van Verlossing	53
Oor die Skrywer	55

DEEL 1:

Die Slagveld van Ons Gedagtes



ONS GEDAGTEWÊRELD IS DIE SLAGVELD

Hoe kan ons die belangrikheid van ons gedagtes sterk genoeg beklemtoon sodat ons die ware betekenis van Spreuke 23:7: “Want soos hy in sy siel bereken, so is hy...,” kan oordra? Ons daade is die direkte gevolg van ons gedagtes. As ons negatiewe gedagtes dink, sal ons ’n negatiewe lewe lei. As ons egter ons denke vernuwe volgens God se Woord, sal ons soos wat Romeine 12:2 aan ons belowe, “... kan onderskei wat die wil van God vir ons lewe” is en “wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.”

Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die [ware] kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus [die Messias, die Gesalfde] gehoorsaam te maak. 2 Korintiërs 10:4,5

Ons is in ’n oorlog gewikkel. Ons stryd is nie teen ander mense nie, maar teen die duiwel en sy demone. Ons vyand, Satan, probeer ons oorwin deur slinkse strategieë en bedrog, deur baie slim uitgedinkte planne en opsetlike misleiding.

Die duiwel is ’n leuenaar, ’n liegbek. Jesus noem hom “’n leuenaar en die vader van die leuen.” (Johannes 8:44). Hy lieg vir jou en my. Hy vertel vir ons dinge oor onself, oor ander mense en oor omstandighede wat eenvoudig glad nie waar is nie. Hy vertel ons egter nie die hele leuen op een slag nie.

Hy begin deur ons gedagtes te bombardeer met ’n baie slim uitgedinkte

aanval van klein gedagtetjies wat pla, klein suspisies, twyfel, vrese, vrae, redenasies en teorieë. Hy beweeg stadig en versigtig. Onthou, hy het 'n strategie vir sy oorlogvoering. Hy het ons reeds oor 'n lang tyd dopgehou en bestudeer.

Met 'n fyn beplande strategie en geslepe misleiding probeer Satan “vestings” in ons gedagte-wêreld oprig. 'n Vesting is 'n area waarin ons gevange gehou word deurdat ons op 'n bepaalde manier oor dinge dink.

Kom ons som die situasie so op:

1. Ons vyand is Satan
2. Die slagveld is ons gedagte-wêreld
3. Die duiwel werk baie hard om vestings in ons gedagte-wêreld op te rig.
4. Hy doen dit deur strategieë en bedrog (deur fyn uitgedinkte planne en opsetlike misleiding).

DIE AFBREEK VAN VESTINGS

Kom ek gee jou 'n voorbeeld van hoe 'n verkeerde manier van dink 'n huwelik kan vernietig. Marie en haar man, Johan, se huwelik is nie gelukkig nie. Daar is gedurig onenigheid en stryery tussen hulle. Hulle is kwaad, verbitterd en vol verwyte teenoor mekaar. Hulle twee kinders begin nou tekens toon dat al hierdie onenigheid in die huis “ninvloed op hulle het. Een van die kinders ervaar reeds maagprobleme as gevolg van die gedurige konflik.

Die probleem lê daarin dat Marie nie weet hoe om Johan toe te laat om hoof van hulle gesin te wees nie. Sy is baasspelerig - sy wil self al die besluite neem, sy wil self die finansies en die dissipline van die kinders hanteer. Sy wil 'n beroep volg sodat sy haar “eie” geld kan hê. Sy

DIE SLAGVELD VAN ONS GEDAGTES

is onafhanklik, luidrugtig en veeleisend. Eintlik wéét Marie dat haar houding verkeerd is en wil sy graag verander. Sy het reeds gegaan vir berading en sy vra gedurig vir voorbidding sodat God haar sal help met haar woede, opstandigheid, onvergewensgesindheid, wrewel en verbittering. Maar sy ervaar geen verandering nie. Waarom?

Oor die jare het Marie bepaalde vestings in haar gedagtes opgebou. Marie het nie beheer oor haar dade nie omdat sy nie haar gedagtes kan beheer nie. Sy kan nie haar gedagtes beheer nie as gevolg van die vestings in haar gedagte-wêreld- vestings wat baie vroeg in haar lewe opgerig is.

As kind het Marie 'n uiters dominerende pa gehad. Jare lank moes sy hulpeloos ervaar hoedat haar pa haar en haar ma mishandel het. Hy was onbeskof in sy optrede teenoor almal, behalwe teenoor Marie se broer wat in sy oë geen kwaad kon doen nie. Dit het gelyk asof die broer voorgetrek word bloot omdat hy 'n seun was. Teen die tyd dat Marie sestien jaar was, was hierdie vestings (opvatting) stewig vasgelê in Marie se gedagte-wêreld. Die leuens wat sulke sterk vestings in haar gedagtes opgebou het, was die volgende: “Mans dink rêrig hulle is watwonders. Hulle is almal eenders en jy kan nie een van hulle vertrou nie. Hulle sal jou seermaak en uitbuit.” Die gevolg hiervan was dat Marie vasbeslote was: “As ek eendag wegkom van hierdie huis af sal niemand ooit weer oor my baas speel nie!”

Voordat Marie enigins oorwinning in haar lewe en vrede in haar huwelik sal kan ervaar, sal sy eers hierdie vestings wat haar denke bepaal, moet afbreek. Sien jy iets van jouself in Marie se lewe? Baie van ons het by tye al die prooi geword van sulke bedrieglike opvattinge. Hoe kan hierdie vestings wat ons opgebou het, afgebreek word?

Ons beskik oor 'n magtige wapen, die Woord van God. Ons moet

aan God se waarheid vashou, ons moet ons denke vernuwe deur sy Woord; dit is hoe 'n mens die wapens van 2 Korintiërs 10:4-5 gebruik om sulke vestings in ons gedagte-wêreld af te breek.

Twee ander geestelike wapens wat vir ons beskikbaar is, is lofprijsing en gebed. Lofprijsing verslaan die duiwel vinniger as enige ander manier van oorlogvoering, maar dan moet dit opregte lofprijsing wees wat uit de hart kom en nie net lippetaal of 'n poging om te kyk of dit wil werk nie. Verder moet lofprijsing en gebed albei gegrond wees op sy Woord. Ons moet God loof en prys volgens sy Woord en sy goedheid.

Gebed is 'n verhouding met God self. Dit is om na Hom te kom om hulp te vra of om met God te praat oor dinge wat ons pla. As jy 'n effektiewe gebedslewe wil hê, moet jy 'n goeie persoonlike verhouding met die Vader ontwikkel. Jy moet weet dat Hy jou liefhet, dat Hy vol genade is, dat Hy jou sal help. Leer Jesus ken. Hy is jou Vriend. Hy het vir jou gesterf. Leer ook die Heilige Gees ken. Hy is altyd by jou as jou Helper.

SOOS WAT JY DINK, SO IS JY

“Want soos hy in sy siel bereken, so is hy...” Spreuke 23:7

Hierdie Bybelversers is maar een van die verse wat vir ons sê hoe uiters belangrik dit is dat ons die regte gedagtes moet dink. Gedagtes het groot krag en volgens die skrywer van die boek Speuke, het hulle ook skeppende vermoëns. As ons gedagtes dus 'n invloed gaan hê op wat ons gaan word, behoort dit sekerlik vir ons belangrik te wees om op die regte manier oor sake te dink.

Ek wil weer baie sterk beklemtoon dat dit absoluut noodsaaklik is dat jy jou gedagtes moet beheer sodat hulle in lyn is met die Woord

van God. Jy kan nie 'n positiewe lewe lei as jou gedagtes negatief is nie. Jou denke moet vernuwe word deur die Woord van God. Dat jou gedagtes volgens God se wil moet wees, is 'n onontbeerlike vereiste vir 'n suksesvolle Christelike lewe. Onthou dat die vernuwing van jou denke 'n geleidelike proses sal wees en nie sommer eensklaps sal gebeur nie. Moet dus nie moed verloor as jou vordering stadig lyk nie.

Romeine 8 leer vir ons dat “hulle wat hulle lewe deur hulle sondige natuur laat oorheers, hulle besig hou met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees.” Ons moet in die Gees lewe. As jy jou besig hou met die dinge van die sondige natuur, beteken dit dat jy net op jouself vertrou, maar as jy in die Gees lewe, beteken dit dat jy op God vertrou. Verder, as ons vleeslike, verkeerde of negatiewe gedagtes koester, kan ons nie in die Gees lewe nie!

Vir die gelowige is dit 'n lewensbelangrike noodsaaklikheid om reg te dink. 'n Lewensbelangrike noodsaaklikheid is iets wat so belangrik is dat 'n mens eenvoudig nie daarsonder kan lewe nie 'n Hart wat klop, is lewensnoodsaaklik. Bloeddruk is lewensnoodsaaklik. Dit is dinge waarsonder daar geen lewe is nie.

Weerhou jou tong van kwaadpraat!

In 1 Petrus 3:10 staan daar: ***“As iemand die lewe liefhet en 'n lang lewe begeer om die goeie te geniet, moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens.”*** Hierdie vers sê duidelik dat om die goeie te geniet, moet die mens 'n positiewe gedagte-wêreld hê en 'n mond wat nie kwaadpraat of leuens verkondig nie.

Wat ook al gebeur, vertrou op God en wees positief! Maak nie saak hóé sleg jou lewensomstandighede en jou gedagtes is nie, moenie moed verloor nie! Wen die gebied wat die duiwel van jou gesteel het,

terug. Al gaan dit hoe stadig en moet jy dit stukkie vir stukkie doen, hou aan om op God se genade te vertrou om die gewenste resultate te verkry en nie op jou eie vermoëns nie.

Moenie tou opgooi nie! Moenie 'n hensopper wees nie. God soek mense wat die hele pad met hom sal saamstap.

Tog is die Here gretig om julle genadig te wees en wil Hy Hom oor julle ontferm: Die Here is 'n God wat reg laat geskied, en dit gaan goed met elkeen wat op Hom vertrou. Jesaja 30:18

Hierdie vers het met die tyd een van my geliefkoosde Skrifgedeeltes geword. As jy so 'n bietjie hieroor wil nadink, sal dit vir jou ook baie hoop bring. God sê hier dat Hy na iemand soek vir wie Hy genadig (goed) kan wees, maar dit kan nie iemand wees met 'n suur gesig en 'n negatiewe houding nie. Dit moet iemand wees wat verwag en verlang dat God vir hom goed sal wees.

Moet nooit ophou hoop nie. As jy dít doen, gaan jy 'n miserabele lewe hê. As jy alreeds 'n miserabele lewe lei omdat jy geen hoop het nie, begin hoop. Moenie bang wees nie. Ek kan jou nie beloop dat dinge altyd sal gebeur presies soos jy dit wil hê nie. Ek kan jou nie beloop dat jy nooit teleurgestel sal word nie, maar selfs in teleurstellende omstandighede kan jy nog altyd bly hoop en steeds positief wees. Plaas jouself binne-in God se koninkryk waar wonderwerke gebeur. Verwag 'n wonderwerk in jou lewe.

Verwag goeie dinge!

DINK NA OOR WAT JY DINK

Die Psalmeskrywer, Dawid, praat dikwels oor hoe hy nadink oor al die wonderbaarlike werke van God. Toe hy terneergedruk was, het hy in

DIE SLAGVELD VAN ONS GEDAGTES

Psalm 143:4 en 5 geskryf: “Ek het alle moed verloor, ek is verslae. Ek dink aan die verre verlede, ek peins oor alles wat U gedoen het en oor die werk van u hande dink ek na.”

Ons sien in hierdie twee verse dat Dawid se reaksie op sy gevoelens van depressie en terneergedruktheid nie was om oor sy probleme te tob nie. Inteendeel, hy beveg die probleem deur ’n positiewe keuse en onthou liever die goeie tye uit die verlede en bedink die groot daade van God en die werke van sy hande. Met ander woorde, hy dink aan iets goeds en dit help hom om sy depressie te bowe te kom.

Moet nooit vergeet dat jou gedagtes ’n uiters belangrike rol in jou oorwinning speel nie.

Ek weet dit is die krag van die Heilige Gees wat deur die Woord van God werk, wat oorwinning in ons lewens bring. Maar dit is ook so dat ’n groot deel van wat in ons lewens gedoen moet word, is dat ons ons denke in lyn moet bring met wat God en sy Woord sê.

Baie mense sal in die hemel wees omdat hulle Jesus as hulle Verlosser aangeneem het, maar baie van hierdie mense sal nooit hier op aarde ’n lewe van oorwinning smaak en vreugde vind in God se goeie plan vir hulle lewens nie, omdat hulle gedagtes nie vernuwe is volgens die Woord nie.

Laat ek dit vir oulaas weer sê: Dink goed na oor wat jy dink. Jy mag vasstel wat sommige van jou probleme is en baie gou jou pad na vryheid vind. Vernuwe jou gedagtes met die Woord van God en jy sal oorwinning beleef.

DEEL 2:

Verskillende Gemoedstoestande



VERSKILLENDE GEMOEDSTOESTANDE

“Wie ken die gedagtes van die Here? Wie sal Hom raad gee?” Maar ons, ons het die Gees van Christus. 1 Korintiërs 2:16

In watter toestand is jou gedagte-wêreld? Jy is moontlik soms kalm en rustig en ander kere angstig en bekommerd. Of jy mag ’n besluit neem en seker voel dat dit reg is, maar later voel jy verward en onseker oor presies daardie saak waarvan jy tevore so oortuig en seker gevoel het.

(Ek) bid ... dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken. Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het ... Efesiërs 1:17,18

Let daarop dat Paulus hier bid dat ek en jy wysheid sal bekom deurdat God ons geestesoë sal verhelder. Na heelwat studie voel ek oortuig dat hierdie geestesoë waarna Paulus verwys ons gedagte-wêreld is.

Volgens die Woord van God is dit absoluut noodsaaklik dat ons verstand verlig moet word sodat ons kan begryp wat in ons gees aangaan. Die Heilige Gees wil vir ons hierdie lig gee. Die gedagte-wêreld is normaal wanneer daar rus in ons gemoed is - dit is dan nie leeg nie, maar wel rustig.

Ons gedagtes moet nie gedurig gevul wees met redenasies, bekommernis, angstigheid, vrees en sulke dinge nie, maar behoort

kalm, stil en rustig te wees. In hierdie volgende deel van die boek sal jy opmerk dat na verskillende abnormale toestande van die gedagtes verwys word en jy sal moontlik sommige daarvan herken as toestande wat dikwels deel van jou eie gemoed is.

Die Heilige Gees gee inligting vanaf God aan die mens se gees en as sy gees en verstand mekaar aanvul, dan kan die mens lewe volgens goddelike wysheid en openbaring! As sy verstand egter te besig is met ander dinge, sal hy nie hoor wat die Here aan hom probeer sê in sy gees nie!

Dit is soos die kommunikasie tussen die Gees van God en ons eie gees plaasvind. Die Heilige Gees werk op 'n sagte, tere manier; die meeste van die tyd praat Hy met ons soos met die profeet Elia, in 'n fluistering in die windstilte. Dit is dus noodsaaklik dat ons sal leer om ingestel te wees daarop om te luister.

DWALENDE GEDAGTES

Soos tevore gesê, 'n verstand wat te besig is, is abnormaal. Nog 'n abnormale toestand van die verstand is dat 'n mens se gedagtes gedurig rond dwaal. 'n Onvermoë om te konsentreer, dui op 'n aanval deur die duiwel op die gedagtes van die persoon. Baie mense laat jare lank toe dat hulle gedagtes eenvoudig rond dwaal omdat hulle nooit hulle denke dissiplineer nie. Die enigste suksesvolle manier om sulke probleme te oorkom, is om die toestand doelbewus te konfronteer.

Onthou, Satan wil jou graag laat glo dat jou kop nie mooi reg is nie, dat daar iets verkeerd is met jou. Maar die waarheid is dat jy slegs moet begin om jou denke te dissiplineer. Moenie toelaat dat jou gedagtes eenvoudig rond dwaal soos hulle lekkerkry nie. Begin sommer vandag nog om jou gedagtes doelbewus gerig te hou op wat jy doen. Jy sal 'n ruk lank moet oefen om dit reg te kry, want om met

ou gewoontes te breek en nuwe gewoontes te vorm, neem altyd tyd, maar op die ou end is dit beslis die moeite werd.

'N ONSEKER GEMOED

As ek oor een of ander saak 'n besluit moet neem, het dikwels gevind dat ek vir myself sê: “Ek wonder...” Om te wonder, laat 'n mens onseker en onsekerheid en onbeslistheid veroorsaak verwarring. Onsekerheid, onbeslistheid en verwarring verhoed dat 'n mens in die geloof van God die antwoord op jou gebed of nood ontvang. Ons wat Christen-gelowiges is moet glo - nie twyfel nie!

'N VERWARDE GEMOED

As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf. Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie. Jakobus 1:5-8

Hierdie Skrifgedeelte gee ons uitstekende raad hoe om daardie gedurige gewonder, twyfel en verwarring te oorkom en hoe om van God te ontvang wat ons nodig het. Vir my is die mens “wat altyd aan die twyfel is” en “soos 'n brander in die see... heen en weer gedryf word” 'n ware beeld van verwardheid, iemand met geen vaste vertroue in enigiets nie. Sodra hy meen dat hy 'n beslissing bereik het, begin die gewonder, twyfel en verwarring weer sodat hy gedurig hink op twee gedagtes. Hy bly onseker oor alles.

'n Groot persentasie van God se mense erken dat hulle verward is. Waarom? Soos ons hierbo gesien het, is 'n gedurige gewonder oor

dinge belis een rede. 'n Ander rede vir hulle verwardheid is dat hulle alles wil beredeneer. Die woordeboek definieer die woord “rede” as 'n onderliggende feit of motief wat 'n logiese dryfveer verskaf vir 'n stelling of gebeurtenis. “Redeneer”, sê die woordeboek, is om die rede te gebruik, om logies te dink.

Om dit eenvoudig te stel: Mense probeer uitwerk wat is die rede “waarom” agter gebeure, hoekom dinge gebeur. Redenering laat 'n mens se gedagtes 'n eindelose sirkelgang volg rondom 'n situasie, 'n strydvrage, 'n bepaalde saak of gebeurtenis, in 'n poging om al die ingewikkelde aspekte daarvan te verstaan. Met die beredenering van 'n saak dissekteer 'n mens 'n stelling of lering om vas te stel of dit logies is, en as dit dan nie logies lyk nie verontagsaam hy dit.

Die Satan laat ons dikwels die wil van God ignoreer deur ons daarvoor te laat redeneer. Die Here mag ons lei om iets te doen, maar as ons redenasies ons laat besluit so iets is nie logies nie en maak nie sin nie, word ons soms verlei om nie sy opdrag uit te voer nie. Die opdragte wat God deur sy leiding aan 'n mens gee, lyk nie altyd vir hom logies nie. Sy gees mag dit bevestig, maar sy verstand verwerp wat hy “hoor”, veral as dit buitengewoon of onaangenaam is, of as gehoorsaamheid persoonlike opoffering en ongerief sal vereis.

Wees 'n Dader van die Woord!

Elke keer as ons verstaan wat die Woord sê en weier om te doen wat daar gesê word, is dit ons menslike redenasies wat 'n rol speel en ons op bedrieglike wyse mislei om iets anders as die waarheid te glo. Ons kan nie buitensporig baie tyd daaraan gee om met ons verstand álles wat die Woord sê, te ontleed en te verstaan nie. As dit duidelik is in ons gees, kan ons tot die daad oorgaan.

Wanneer God met ons praat, deur sy Woord of in ons gees, moet ons

DIE SLAGVELD VAN ONSE GEDAGTES

nie daaroor redeneer, debatteer of onself afvra of dit wat Hy gesê het, logies is nie.

As God praat, moet ons mobiliseer, nie rasionaliseer nie.

Vertrou God, nie die menslike verstand nie.

Moenie op redenasies staat maak nie. Redenasies open die deur vir misleiding en veroorsaak groot verwarring. Daar is baie redes waarom redenering gevaarlik kan wees, maar een daarvan is die volgende: ons kan redeneer en 'n slotsom bereik wat ons oortuig en vir ons sin maak, en tog kan wat ons volgens ons argumente as korrek beskou, steeds verkeerd wees.

Die menslike verstand hou van die logika en orde en redelikheid. Ons verstand hou daarvan om te handel met dit wat hy verstaan, gevolglik is ons geneig om dinge in ons kop in netjiese klein kompartemente in te deel terwyl ons dink: “Dis soos dinge moet wees, want alles pas so mooi inmekaar.” Ons kan antwoorde vind waarmee ons verstand gemaklik voel en tog heeltemal verkeerd wees.

Onthou, die verstand en die gees werk saam, maar ons gees is verhewe bo die verstand en ons moet altyd die gees meer gehoorsaam as die verstand.

As ons in ons gees oortuig is dat iets verkeerd is, moet ons nie toelaat dat alderlei redenasies ons oortuig om daardie ding te doen nie. En as ons oortuig is dat iets reg is, moet ons ook nie toelaat dat redenasies ons oortuig om nie ons plig te doen nie.

'N TWYFELENDE EN ONGELOWIGE GEMOED

Vine se Expository Dictionary of New Testament Words definieer die werkwoord “twyfel” as “om op twee paaie te staan... met die implikasie van onseker wees watter pad om te kies; dit verwys na gelowiges wie

se geloof klein is, hulle is angstig as gevolg van verwarde gedagtes, hulle huiwer tussen hoop en vrees...”

Dieselfde woordeboek noem dat een van die twee Griekse woorde wat as “ongeloof” vertaal word, altyd met “on gehoorsaamheid” in die Revised Version van die King James-vertaling weergegee word. As ons dan na hierdie twee kragtige wapens van die duiwel kyk, sien ons dat twyfel ’n mens laat aarsel tussen twee gedagtes, terwyl ongeloof tot on gehoorsaamheid lei.

Twyfel begin met gedagtes wat nie in ooreenstemming met die Woord van God is nie. Daarom is dit so uiters belangrik dat ons die Woord van God sal ken. As ons die Woord ken, sien ons raak wanneer die duiwel vir ons lieg. Wees verseker dat Satan vir ons lieg sodat hy ons kan beroof van wat Jesus ten duurste vir ons gekoop het deur sy dood en opstanding uit die graf

On gehoorsaamheid kan eenvoudig beteken dat ons terugdraai, al lei God ons om vorentoe te gaan. On gehoorsaamheid is om die stem van die Here, of enigiets wat die Here vir ons persoonlik sê, te ignoreer. On gehoorsaamheid beteken nie net dat ons die Tien Gebooie oortree nie!

Wanneer God iets vir ons sê of ons vra om iets te doen, gee sy Woord vir ons die geloof om dit te glo of dit te doen. Dit sou mos belaglik wees as God van ons sou verwag om ’n bepaalde ding te doen, maar Hy gee ons nie die vermoë om te glo dat ons daardie taak kan uitvoer nie. Satan weet maar alte goed hoe gevaarlik ons sal wees as ons harte vol geloof is, dus val hy ons aan deur ons te laat twyfel en ons harte met ongeloof te vul.

Onthou jy die verhaal van Petrus wat uit die boot geklim en op die water geloop het? Dit staan in Matteus 14:24-32. Petrus het op Jesus

DIE SLAGVELD VAN ONS GEDAGTES

se bevel uit die boot geklim om iets te doen wat hy nog nooit tevore gedoen het nie. Om die waarheid te sê, niemand anders het dit al ooit tevore gedoen nie, behalwe Jesus self. Dit het beslis geloof vereis!

Petrus het 'n fout gemaak: hy het te veel na die storm gekyk. Hy het bang geword. Twyfel en angs het van hom besit geneem en hy het begin sink. Hy het na Jesus geroep om hom te red en Jesus het. Maar let daarop dat die storm gaan lê het sodra Petrus teruggeklim het in die boot.

Ons verheerlik God wanneer ons aanhou om te doen wat ons weet reg is, selfs in moeilike omstandighede. Efesiërs 6:14 sê dat ons ten tye van “die listige aanvalle van die duiwel” die gordel van die waarheid styf om ons heupe moet vasmaak.

Wanneer daar 'n storm in jou lewe kom, staan vas, wees vasberade en vasbeslote in die Heilige Gees om nie na die boot te vlug nie! Die storm bedaar dikwels sodra jy oorgee en terugkruip na 'n plek van veiligheid en sekuriteit.

Die duiwel bring storms in jou lewe om jou te intimideer. Daarom, as jy in so 'n storm is, onthou dan dat jou gedagtewêreld die werklike slagveld is. Moenie toelaat dat wat jy dink of voel jou besluite bepaal nie, maar stel vas wat jou gees vir jou sê. As jy toelaat dat jou gees jou lei, sal jy weer dieselfde oortuiging ervaar as wat jy aan die begin gehad het. Onthou, ongeloof lei tot ongehoorsaamheid.

Die punt is dat ongeloof, net soos twyfel, sal verhoed dat ons dit doen waarvoor God ons geroep en gesalf het en wat Hy wil hê ons moet bereik in ons lewe. Dit sal ook verhoed dat ons die gevoel van vrede ervaar wat Hy graag wil skenk wanneer ons rus vir ons siel in Hom vind. (Matteus 11:28,29). Jy kan nie vreugde en vrede ervaar as jy nie glo nie. Dis onmoontlik om vreugde en vrede te geniet terwyl jy in ongeloof leef.

Onthou, volgens Jakobus 1:7,8 is 'n mens wat altyd aan die twyfel is, onbestendig in al sy doen en late en ontvang hy nie wat hy van die Here vra nie. Neem nou 'n besluit om nie gedurig met twyfel en onsekerheid te lewe nie!

God beplan 'n mooi lewe vir jou. Moenie toelaat dat die duiwel jou daarvan beroof deur leuens nie!

'N ANGSTIGE, BEKOMMERDE GEMOED

Angs en bekommernis is albei aanvalle op die mens se gemoed en is daarop gemik om te keer dat ons die Here sal dien. Die vyand gebruik albei hierdie kwellings om ons geloof te onderdruk sodat daardie geloof ons nie kan help om oorwinnend te lewe nie.

Party mense is so vol bekommernis dat 'n mens selfs sou kon sê hulle is verslaaf aan kommer. As hulle nie self iets het waarvoor hulle hul kan bekommer nie, kwel hulle hulle oor iemand anders se omstandighede.

Voortdurende kommer is beslis 'n aanval van Satan op die mens se gees. Daar is bepaalde dinge wat God ons beveel om met ons gedagtes te doen en die vyand wil graag seker maak dat hierdie dinge nooit gedoen word nie. Die duiwel probeer dus ons kop so besig hou met die verkeerde soort gedagtes, dat ons gedagte-wêreld nooit gebruik kan word vir dit wat God daarvoor beplan het nie.

In Matteus 6:25-27 sê Jesus vir ons dat daar niks in die lewe is waarvoor ons moet kwel nie - nie een enkele aspek daarvan nie! Die kwaliteit lewe wat God aan ons voorsien, is so hoog dat dit alles wat ons nodig het, insluit, maar as ons ons kwel oor al die dinge, verloor ons hulle sowel as die lewe wat Hy vir ons wil gee.

Filippense 4:4 (Wees altyd bly in die Here!) gee ons ook baie goeie raad wanneer ons deur 'n vlag van bekommernis aangeval word. Ek wil sterk aanbeveel dat ons verse uit die Bybel hardop uitspreek wanneer die Bose ons aanval. Die Woord is 'n tweesnydende swaard wat teen die vyand gebruik moet word (Hebreërs 4:12, Efesiërs 6:17). 'n Swaard wat in sy skede gehou word, dien geen doel as 'n mens aangeval word nie.

1 Petrus 5:6,7 sê dat jy *al jou bekommernisse op die Here moet werp*. Die woord “werp” beteken werklik om te gooi of te slinger. Ek en jy kan ons probleme vir God gooi en, glo my vas, Hy sal hulle kan vang. Hy wéét wat om met hulle te doen.

Hierdie Skrifgedeelte sê vir ons om onself aan God te onderwerpen dit beteken dat ons ons nie sal bekommer nie. 'n Mens wat hom gedurig kwel, dink hy kan sy probleme op een of ander manier self oplos. Bekommernis is wanneer 'n mens se gedagtes al in die rondte jaag om 'n oplossing vir jou probleem te vind. Die trotse mens is vol van homself, maar die nederige mens is vervul met God. Die trotse mens kwel hom; die nederige persoon wag. Slegs God kan ons verlos en Hy wil hê dat ons dit sal weet, sodat ons eerste reaksie in elke situasie sal wees om op Hom te leun en so sy rus te ervaar..

'N VEROORDELLENDE, KRITIESE EN WANTRUIGIE GEMOED

“Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie.”
(Matteus 7:1)

Baie hartseer ontstaan in mense se lewens as gevolg van veroordelende, kritiese en wantrouige houdings. Baie verhoudings word vernietig as gevolg van hierdie vyande. Ook in hierdie gevalle is ons gedagtes die slagveld.

Wat is Veroordeling?

In Vine se boek *“Expository Dictionary of New Testament Words”* word een van die Griekse woorde wat ons met vonnis of oordeel vertaal, ook omskryf as “’n uitspraak gelewer oor ander mense se foute”. Dit word ook met “veroordeling” in verband gebring. Volgens dieselfde bron is een betekenis van die Griekse woord vir “oordeel” “om ’n opinie te vorm” en verwys dit ook na die woord “vonnis”.

God is die enigste Een wat die reg het om te veroordeel of te vonnis. Dus, as ons ons medemens veroordeel, is ons eintlik besig om God te speel in ’n ander se lewe. Veroordeling en kritiek is die vrugte van ’n dieper probleem, naamlik trots. Wanneer die “EK” in ons lewe groter is as wat dit behoort te wees, sal dit altyd die soort probleme wat ons hier bespreek, veroorsaak. Die Bybel waarsku ons herhaaldelik teen verwaandheid.

Wanneer ons op ’n bepaalde gebied uitblink, is dit maar net omdat God ons ’n spesiale genadegawe gegee het. As ons te veel van onself dink en vol van onself is, laat dit ons neersien op ander mense en beskou ons hulle as minderwaardig. Hierdie soort houding en denkwyse is uiters afskuwelik in die oë van God en dit maak baie deure in ons lewe oop vir die vyand.

Matteus 7:1-6 bevat bekende verse oor die onderwerp van veroordeling van en kritiek op ander. Lees gerus hierdie en baie ander soortgelyke verse in die Bybel wanneer jy probleme ondervind met jou houding op hierdie gebied. Lees hierdie gedeeltes en lees dit dan weer hardop en gebruik die vermanings as wapen teen die duiwel wat ’n vesting in jou gemoed probeer bou.

Moet nie vergeet dat daar so iets soos saai en oes is nie. Om te saai en te oes, het nie alleen betrekking op landboukundige en finansiële

gebiede nie, maar dit geld ook vir die mens se gees en gedagte-wêreld. Ons kan 'n lewenshouding saai en maai soos wat 'n boer met 'n oes of 'n belegger met sy belegging kan doen. Baie keer oes ons in ons lewens dit wat ons vroeër in die lewe van iemand anders gesaai het. 1 Korintiërs 13:7 sê: ***“Dit (die liefde) bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.”***

As jou gedagte-wêreld vergiftig is of wanneer die Satan vestings in jou gees gebou het, moet jou gees vernuwe word volgens God se Woord. Dit word alleen gedoen deur God se Woord te leer ken en daarvoor te mediteer (dit te bepeins, saggies vir jouself te herhaal, daarvoor na te dink). Vertroue en geloof bring vreugde in die lewe en help om verhoudings te laat groei tot hulle hoogste potensiaal. Agterdog verongeluk 'n verhouding en vernietig dit gewoonlik heeltemaal.

'n Gebalanseerde houding is altyd die beste beleid. Dit beteken nie dat ons nie wysheid en onderskeidingsvermoë aan die dag moet lê in ons verhoudings met ander mense nie. Ons hoef nie ons lewe vir almal wat ons teëkom, oop te gooi en so aan almal 'n geleentheid te bied om oor ons te loop nie. Aan die ander kant, moet ons nie alle ander mense met suspisie en 'n negatiewe houding hanteer en altyd verwag dat almal van ons misbruik wil maak nie. Vertrou God volkome en mense met omsigtigheid en gesonde verstand.

'N PASSIEWE GEMOED

Passiwiteit is die teenoorgestelde van aktiwiteit. Dit is 'n gevaarlike probleem, want die Woord van God leer ons duidelik dat ons nugter, waaksaam en wakker moet wees (1 Petrus 5:8). Ek het verskeie definisies van die woord “passiwiteit” teëgekomp en ek beskryf dit as 'n gebrek aan gevoel, 'n gebrek aan begeerte, algemene apatie, louheid en luiheid. Passiwiteit word deur bese geeste aangemoedig. Die duiwel weet dat onaktiwiteit, die versuim om op te tree, uiteindelik

sal lei tot die gelowige se neerlaag. Solank die mens téén die duiwel optree deur sy wil te gebruik om hom te weerstaan, sal die vyand nie die stryd wen nie. Sodra 'n persoon egter passief raak, beland hy in ernstige moeilikheid. Die plek wat ons aan Satan in ons lewe gee, is dikwels 'n leë ruimte. 'n Leë, passiewe gedagtewêreld kan baie maklik gevul word met allerlei verkeerde gedagtes.

'n Gelowige wie se gedagtes passief is en wat nie verkeerde gedagtes weerstaan nie, aanvaar dikwels die verkeerde gedagtes as sy eie. Hy besef nie dat die bose gees hulle in in sy gemoed ingeplant het omdat daar 'n leë ruimte was om te vul nie.

'n Bose gees staan dikwels agter slegte gedagtes. 'n Persoon kan dinge wat sy verbeelding oproep herhaaldelik probeer verwerp, maar hulle sal altyd terugkom totdat hy leer om die leë ruimte met positiewe gedagtes te vul. Vul dus jou gedagtewêreld met die regte gedagtes.

Daar is aggressiewe sondes of daadsondes en dan is daar ook passiewe sondes, wat eintlik sondes van versuim is. Met ander woorde, daar is verkeerde dinge wat ons doen en dan is daar die regte dinge wat ons nalaat om te doen. 'n Verhouding kan byvoorbeeld vernietig word deurdat ons onnadenkende woorde sê, maar dit kan ook vernietig word deur ons versuim om vriendelike woorde van waardering te sê toe ons dit moes gesê het maar stilgeby het.

Hierdie toestand van passiwiteit kan oorkom word, maar dan is die eerste stap om sulke passiwiteit in ons dade te oorkom die uitskakeling van passiwiteit in ons denke. Die regte optrede volg op die regte manier van dink. Met ander woorde, jy sal nooit jou gedrag verander tensy jy jou gedagtes verander nie.

Volgens God se plan kom regte gedagtes eerste en dan sál regte gedrag volg.

DIE GEDAGTES VAN DIE HERE

“Wie ken die gedagtes van die Here? Wie sal Hom raad gee?” Maar ons, ons het die Gees van Christus. 1 Korintiërs 2:16

As ons in die Here se voetspore wil volg, moet ons begin dink soos Hy dink. As Christene het ek en jy ’n nuwe natuur, wat eintlik die natuur van God is wat ons ontvang het met ons weergeboorte. Romeine 8:6 verwys na die gedagtes van die sondige natuur in teenstelling met die gedagtes van die Gees van God en sê vir ons dat die dinge waarmee die sondige natuur hom besig hou, uitloop op die dood, maar die dinge waarmee die Gees van God Hom besig hou, lewe en vrede bring.

Ons sou reeds ver vorder as ons net kon onderskei tussen lewe en dood. As enigiets tot die dood lei, moet dit nie meer doen nie. As bepaalde gedagterigtings jou met dinge van die dood vul, moet jy dadelik besef dat dit nie van die Heilige Gees kom nie.

Om ’n voorbeeld te gee, stel jou voor dat ek terugdink oor ’n onreg wat ek gely het deur die toedoen van iemand anders en ek begin kwaad word. Ek begin dink oor hoe min ek van daardie persoon hou. As ek die onderskeidingsvermoë het, sal ek besef dat ek op ’n pad is wat uitloop op die dood. Ek raak ontsteld, gespanne, gestres en ek mag selfs fisiese ongemak ervaar. Hoofpyn, maagpyn en selfs onverklaarbare vermoeidheid mag almal die gevolg wees van my verkeerde denke. Aan die ander kant, as ek liever daaraan dink hoe geseënd ek is en hoe goed God vir my is, sal ek agterkom dat ek met die lewe gevul word.

Dit is baie goed as ’n gelowige kan leer om die lewe en die dood in sy gemoed raak te sien. Jesus wil ons vul met die lewe deur sy gedagtes vir ons te gee. Ons kan kies om volgens Christus se gedagtes te lewe.

In die volgende bladsye van hierdie hoofstuk volg 'n lys van dinge wat ons moet doen om te lewe met die gedagtes van Christus.

1. Dink positiewe gedagtes

Daar kan nooit genoeg gesê word oor die krag van positiewe denke nie. God is positief en as ek en jy saam met Hom wil stap, moet ons op dieselfde golflengte kom en positief begin dink. Ek praat nie van die beheer van jou gedagtes nie, maar dat jy eenvoudig in die algemeen 'n positiewe mens moet wees. Jy moet 'n positiewe uitkyk en houding hê. Hou vol met positiewe gedagtes en verwagtinge. Sorg dat jou gesprekke positief van aard is.

Die gedagtes van Christus in ons is positief. As ons dus negatiewe dinge begin dink, is dit nie volgens sy wil nie. Miljoene mense ly aan depressie en ek dink nie dis moontlik om depressief te wees sonder om negatief te wees nie, tensy die toestand 'n mediese oorsprong het. Selfs in daardie geval sal negatiewe denke net die probleem en sy simptome vererger.

Volgens Psalm 3:4 (Ou vertaling) is die Here ons eer en die Een wat ons hoof ophef. Hy wil alles vir ons “ophef”: ons hoop, ons gesindhede, ons buie, ons koppe (denke), hande en harte, ons hele lewe. Hy is ons goddelike Hersteller!

God wil ons oplig uit die dieptes en die duiwel wil ons neerdruk. Satan gebruik die negatiewe gebeurtenisse en situasies in ons lewe om ons depressie te laat ervaar. Daar kom dikwels geleenthede wanneer ons negatiewe gedagtes kan dink, maar hulle sal ons net nog meer terneergedruk maak. Om negatief te wees, sal nie ons probleme oplos nie, maar sal veel eerder die probleme vererger.

Hoe om te oorwin

1. Identifiseer die aard en oorsaak van die probleem (Psalm 143:3)
2. Erken dat depressie lewe en lig van jou steel (Psalm 143:4)
3. Onthou die goeie tye (Psalm 143:5)
4. Loof die Here al is jy midde-in die probleem (Psalm 143:6)
5. Vra God se hulp (Psalm 143:7)
6. Luister na wat God sê (Psalm 143:8)
7. Bid vir uitredding en bevryding (Psalm 143:9)
8. Soek God se wysheid, kennis en leiding (Psalm 143:10)

Miskien dui die psalmdigter hier aan dat hy buite God se wil begin leef het en sodoende die deur oopgemaak het vir die aanval op sy siel. Hty wil nou graag weer binne God se wil wees, want hy besef dat dit die enigste veilige plek is om te wees.

2. *Rig jou denke op God.*

Om oor God en sy weë en werke na te dink, moet 'n gereelde deel van jou gedagtelewe word as jy 'n lewe van oorwinning wil ervaar.

Om vroeg in die môre tyd met God te spandeer, is beslis een manier om die lewe te begin geniet. Niks is nader aan ons as ons eie gedagtes nie. As ons dus ons gedagtes met Hom vul, sal dit Hom deel maak van ons gedagte-wêreld en sal ons 'n innige verhouding met Hom geniet wat vreugde, vrede en oorwinning in ons daaglikse lewe sal bring.

Hy is altyd by ons soos Hy ons belowe het. (Matteus 28:20; Hebreërs 13:5). Ons sal egter nie van sy teenwoordigheid bewus wees as ons nie aan Hom dink nie. Hy is altyd by ons, maar ons moet ons gedagtes op Hom rig en bewus wees van sy teenwoordigheid.

3. *Onthou gedurig dat God jou liefhet.*

As ons nooit nadink oor sy liefde vir ons nie, sal ons dit nooit persoonlik ervaar nie.

Memoriseer Skrifgedeeltes oor die liefde van God, dink daaroor na en bely dit met jou mond. As jy dit doen, sal die openbaring van sy onvoorwaardelike liefde vir jou al hoe meer 'n werklikheid in jou lewe word.

Konsentreer op die feit dat jy vrygespreek is, nie op jou sonde nie. In 2 Korintiërs 5:21 staan: ***“Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.”***

Baie gelowiges word geteister deur negatiewe gedagtes oor hulleself - gedagtes oor hoe ontevrede God met hulle moet wees omdat hulle soveel swakhede en mislukkings het. Hoeveel tyd mors jy deur gedurig skuldig te voel en onder 'n oordeel te leef?

Elke keer wanneer 'n negatiewe, veroordelende gedagte in jou kop kom, herinner jouself daaraan dat God jou liefhet en dat God jou vrygespreek het omdat jy aan Christus behoort.

Bestraf die duiwel wat vir jou die skuld stuur en leef vorentoe deur die regte gedagtes te dink.

4. *Dink bemoedigende gedagtes (Romeine 12:8)*

Iemand in wie se gedagtes Christus leef, dink positiewe, opheffende, opbouende gedagtes oor ander mense sowel as oor homself en sy eie omstandighede.

Jy sal niemand ooit kan aanmoedig met jou woorde as jy nie eers vooraf vriendelike gedagtes oor daardie persoon gedink het nie. Onthou, wat in jou hart is, sal in jou woorde uitkom. Dink doelbewus met liefde aan daardie persoon. Stuur liefdevolle gedagtes uit na ander mense. Praat woorde van bemoediging met hulle.

Begin om mooi gedagtes oor ander mense te dink en jy sal agterkom dat hulle op 'n mooier manier optree. Gedagtes en woorde is houers of wapens wat kreatiewe of vernietigende krag oordra. Hulle kan teen Satan en sy werk gebruik word of hulle kan hom inderdaad help in sy plan van vernietiging.

5. *Ontwikkel 'n dankbare hart (Psalm 100:4)*

'n Mens in wie Christus se Gees leef, sal vind dat sy gedagtes gevul is met lof en danksegging. Klaery maak baie deure oop vir die vyand. Party mense is fisies siek en lei swak, kragtelose lewens as gevolg van hulle gedurige klaery wat hulle gedagtes en gesprekke soos 'n siekte besmet.

'n Mens kan nie 'n kragdadige lewe lewe sonder danksegging nie. Die Bybel onderrig ons oor en oor dat danksegging noodsaaklik is. 'n Klaery in 'n mens se woorde en gedagtes lei tot die dood, maar dankbaarheid en die uitspreek daarvan gee lewe. Wees altyd dankbaar.

“Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely.”
(Hebreërs 13:15)

Die duiwel kan nie beheer oor ons uitoefen as ons bly en dankbaar onder alle omstandighede is nie. Toegee, hierdie soort lewenswyse vereis soms 'n offer van lof of dank, maar ek sou veel eerder my dank

aan God wil bring as om my vreugde deur Satan te verloor. Ek het (op die harde manier) geleer dat as ek knorrig word en weier om God te dank, ek uiteindelik alle vreugde verloor. Met ander woorde, ek verloor my vreugde as gevolg van my klaery.

In Psalm 34:2 sê die Psalmdigter: “Ek sal die Here altyd weer prys, sy lof sal altyd op my lippe wees.” Hoe kan ons die Here bly maak? Deurdadig sy lof gedurig in ons gedagtes en ons mond sal wees.

Wees ’n dankbare mens - iemand wat met dankbaarheid gevul is, nie slegs teenoor God nie, maar ook teenoor ander mense.

6. *Vul jou gedagtes met die Woord*

En sy woord lewe nie werklik in julle nie, omdat julle nie in die Een glo wat Hy gestuur het nie. Johannes 5:38

God se Woord is sy gedagtes wat vir ons neergeskryf is om te bestudeer en te oordink. Sy Woord sê vir ons hoe Hy dink oor elke situasie en onderwerp. Mense wat wil glo en al die goeie gevolge van geloof wil ervaar, moet toelaat dat sy Woord ’n lewende boodskap in hulle hart word. Dit gebeur wanneer hulle nadink oor God se Woord. Dit is hoe sy gedagtes ons gedagtes kan word - dit is die enigste manier waarop Christus se gedagtes deel van ons gedagte-wêreld kan word.

In Johannes 1:14 sê die Bybel dat Jesus die Woord was wat vlees geword het. Dit sou nie moontlik gewees het as sy gedagtes nie gedurig gevul was met die Woord van God nie.

Om hierdie deel van die boek af te sluit, wil ek weer jou aandag vra vir Filippense 4:8: “Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is - watter deug of lofwaardige saak daar ook mag

DIE SLAGVELD VAN ONS GEDAGTES

wees - daarop moet julle julle gedagtes rig.”

Hierdie Skrifgedeelte beskryf die toestand waarin ’n mens se gedagtewêreld behoort te wees. Jou gedagtes moet wees soos Christus s’n. Begin om dit te gebruik. As Hy nie bepaalde gedagtes sou dink nie, behoort jy ook nie sulke gedagtes in jou kop toe te laat nie.

Die is deur hierdie voortdurende “wagstaan” oor jou gedagtes dat jy elke gedagte gevange neem om dit aan Christus gehoorsaam te maak (2 Korintiërs 10:5).

Die Heilige Gees sal jou dadelik waarsku as jou gees jou in ’n verkeerde rigting begin stuur en dan berus dit by jou om self ’n besluit te neem: Gaan jy toelaat dat jou gedagtes in ’n vleeslike rigting vloei of volgens die leiding van die Gees? Een rigting lei na die dood, die ander na die lewe. Dit is j^{ou} keuse. Kies die lewe!

DEEL 3:

'n Woestyn-Mentaliteit



'N WOESTYN-MENTALITEIT

Die volk van Israel het veertig jaar lank in die woestyn rondgedwaal terwyl daardie reis slegs elf dae moes geduur het. Waarom? Was dit hulle vyande, hulle omstandighede, die probleme langs die pad of was dit iets heel anders wat verhoed het dat hulle hulle bestemming bereik?:

Terwyl ek oor hierdie situasie nagedink het, het God vir my 'n kragtige openbaring gegee wat my persoonlik sowel as duisende ander mense gehelp het. Die Here het vir my gesê: “Die kinders van Israel het veertig jaar in die woestyn deurgebring om 'n reis wat elf dae moes geduur het, af te lê, omdat hulle 'n ‘woestyn-mentaliteit’ gehad het.”

JULLE HET LANK GENOEG HIER GEBLY

“Die Here ons God het by Horeb vir ons gesê: ‘Julle het nou lank genoeg by hierdie berg gebly.’” Deuteronomium 1:6

Ons moet eintlik nie so verbaas wees oor die Israëliete se lang reis nie, want die meeste van ons tree net so op. Ons beweeg om en om dieselfde berge in plaas daarvan dat ons vorder op die pad. Die gevolg is dat dit ons jare neem om oorwinning te behaal oor iets wat ons eintlik binne 'n kort tydjie moes afgehandel het.

God het vir my tien “woestyn-ingesteldhede” gewys wat die Israëliete in die woestyn laat rond dwaal het 'n Woestyn-mentaliteit is 'n verkeerde dink-gewoonte.

1. *“My toekoms word bepaal deur my verlede en my hede.”*

Die Israëliete het geen positiewe visie vir hulle lewens gehad nie

- geen drome nie. Hulle het geweet waarvandaan hulle gekom het, maar nie geweet waarheen hulle op pad was nie. Alles was gegrond op wat hulle tevore gesien het en op daardie oomblik kon sien. Hulle het nie geweet hoe om met “oë van geloof” te kyk nie.

Jy mag ’n ellendige verlede hê of jou huidige omstandighede mag baie negatief en neerdrakkend wees. Jy ervaar miskien op die oomblik ’n situasie wat so erg is dat dit vir jou lyk asof daar vir jou geen rede tot hoop is nie. Ek wil vir jou baie uitdruklik sê dat jou toekoms nie bepaal word deur jou verlede of jou hede nie.

Ondergaan ’n denkskuif. Glo dat vir God alle dinge moontlik is (Lukas 18:27); by die mens mag party dinge onmoontlik wees, maar ons dien ’n God wat alles wat ons sien uit niks geskep het (Hebreërs 11:3). Gee jou niksheid aan Hom en kyk hoe Hy werk. Al wat Hy nodig het, is jou geloof in Hom. Hy verwag slegs dat jy sal glo en Hy sal die res doen.

Ons kan nie sake reg beoordeel slegs deur wat ons werklik met ons liggaamlike oë sien nie. Ons moet geestelike “oë hê om te sien” en “ore om te hoor”. Ons moet hoor wat die Gees sê, nie wat die wêreld sê nie. Laat toe dat God met jou oor jou toekoms praat - nie ander mense nie.

Die Israeliete het gedurig gekyk na en gepraat oor hoe dinge in die verlede was. God het hulle uit Egipte gelei deur Moses en met hulle deur Moses oor die Beloofde Land gepraat. Hy wou hê dat hulle hulle oë gevestig moet hou op die plek waarheen hulle op pad was en nie op die land waarvandaan hulle gekom het nie. Ek wil jou sterk aanmoedig om positief te kyk na die moontlikhede van die toekoms en om “die dinge wat nie bestaan nie, te roep asof hulle bestaan.” (Rom 4:17 1953-vertaling). Dink en praat oor jou toekoms op ’n positiewe manier, volgens wat God dit vir jou in jou hart gee en nie volgens wat

jy in die verlede gesien of selfs nou in jou huidige omstandighede ervaar nie.

2. *“Iemand anders sal dit vir my moet doen; ek wil nie self verantwoordelikheid aanvaar nie”*

Tera het sy seun Abram geneem en ook sy kleinseun Lot, seun van Haran, en sy skoonogter Sarai, die vrou van sy seun Abram, en saam met hulle uit Ur van die Galdeërs weggetrek om na Kanaän toe te gaan. Maar hulle het net tot by Haran getrek en in dié stad gaan woon. (Genesis 11:31)

Verantwoordelikheid word dikwels omskryf as ons antwoord op God se vermoë. Om verantwoordelik te wees, beteken om te reageer op die geleentheid wat God ons bied. God het aan Abram se vader ’n verantwoordelikheid gegee, ’n kans om op sy vermoë te reageer. Hy het hom die geleentheid gegee om na Kanaän te gaan, maar in stede dat hy die hele pad daarheen saam met die Here getrek het, het hy verkies om by Haran te gaan stilstaan en hom daar te vestig.

Dit is taamluk maklik om opgewonde te raak wanneer God met ons begin praat en ons die geleentheid gee om iets te doen, maar, soos Tera, maak ons dikwels nie klaar wat ons begin het nie omdat ons agterkom dat dit veel meer vereis as blote opgewondenheid oor ’n nuwigheid.

Baie gelowiges doen wat Tera, volgens die Bybel, gedoen het. Hulle begin werk vir ’n bepaalde doel, maar hou dan halfpad op. Hulle word moeg of verveeld; hulle sou graag die saak voltooi, maar sien nie kans vir al die verantwoordelikheid wat dit meebring nie. As iemand anders egter bereid sou wees om dit vir hulle te voltooi, sal hulle graag die eer daarvoor ontvang. Ongelukkig werk dit eenvoudig nie so nie. Ons persoonlike verantwoordelikheid kan nie op ander

afgeskuif word nie.

“...baie is geroep, maar min uitverkies.” Matteus 20:16

Ek het eenmaal iemand hoor sê dat hierdie vers beteken dat baie geroep word of 'n geleentheid gegee word om iets vir die Here te doen, maar dat baie min mense gewillig is om die verantwoordelikheid te aanvaar om gehoor te gee aan daardie roepstem. Baie mense het 'n wensbeentjie, maar geen ruggraat nie. Mense met 'n “woestyn-mentaliteit” wil alles hê maar niks doen nie.

Matteus 25 bevat die gelykenis wat Jesus vertel het oor die slawe aan wie hulle werkgewer muntstukke gegee het wat aan hom behoort het. Die eienaar het toe na 'n verafgeleë land gereis, maar het ver wag dat die werkers goed sou sorg vir sy eiendom. Die slaaf wat vyf muntstukke ontvang het, het daarmee gaan werk en nog vyf muntstukke verdien. Die man wat twee muntstuke ontvang het, het dieselfde gedoen. Maar die man wat net een geldstuk ontvang het, het dit in die grond begrawe, want hy was bang. Hy was bang om iets te waag en iets te doen. Hy was bang vir verantwoordelikheid.

Toe die eienaar terugkom, was hy hoogs tevrede met die twee werkers wat geneem het wat hy hulle gegee het en iets daarmee gedoen het. Maar vir die man wat die geld begrawe het en niks daarmee gedoen het nie, het hy gesê: “Jy is ‘n slegte en lui slaaf!” Hy het toe beveel dat daardie een muntstuk van hom weggeneem word en aan die man met die tien muntstukke gegee word. Boonop is die lui werker baie erg gestraf.

Ek wil jou aanmoedig om die vermoëns en talente wat God jou gegee het, te gebruik en alles wat jy daarmee kan bereik, te doen, sodat wanneer die Meester terugkom, jy nie slegs dit wat Hy aan jou gegee het aan Hom kan teruggee nie, maar veel meer as dit.

Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. 1 Petrus 5:7

Moenie bang wees vir verantwoordelikheid nie. Leer om jou sorg aan die Here oor te gee, maar nie jou verantwoordelikheid nie. Party mense leer om hulle nie te bekommer nie en word dan deskundiges daarin om hulle “sorg weg te werp”. Hulle raak so gemaklik dat hulle sommer ook alle verantwoordelikhede van hulle afgooi. Rig jou gedagtes daarop om te doen wat jy moet doen en nie weg te hardloop van iets juis omdat dit ’n uitdaging is nie.

Onthou altyd dat as God jou gee dit waarvoor jy Hom gevra het, kom daar ook ’n verantwoordelikeid saam met die gawe. As jy ’n huis of ’n motor besit, verwag God dat jy daarvoor sal sorg. Die duiwel van luiheid mag jou gees en jou gevoelens aanval, maar Christus woon in jou gedagtes. Jy kan beslis die duiwel se misleiding herken, jou menslike neigings ignoreer en doen wat jy weet reg is. Om vir iets te bid, is maklik, maar om verantwoordelikheid daarvoor te neem, is die deel wat ’n mens se karakter ontwikkel.

3. *“Maak asseblief alles maklik; ek kan dit nie vat as dinge te moeilik raak nie!”*

Dinge kan moeilik raak as ons probeer om alles op eie houtjie te doen, sonder om op God se genade te steun en te vertrou. As alles in die lewe maklik was, sou ons nie eens die krag van die Heilige Gees nodig gehad het om ons te help nie. Die Bybel verwys na Hom as ons “Helper.” Hy is altyd in ons en by ons om ons in staat te stel om te doen wat ons nie kan doen nie, en laat ek byvoeg, om met gemak dit te doen wat sonder Hom baie moeilik sou wees.

Jy kan seker wees dat waar God jou ookal heen lei, is hy in staat om jou te bewaar. Hy sal nooit “toelaat dat julle bo julle kragte versoek

word nie” (1 Korintiërs 10:13). Wat Hy ookal bestel, daarvoor betaal Hy. As ons leer om op Hom te vertrou vir die krag wat ons nodig het, hoef ons nie in ’n gedurige stryd te leef nie. As jy weet dat God jou gevra het om iets te doen, moenie tou opgooi net omdat sake moeilik word nie. As dinge moeilik raak, spandeer meer tyd saam met Hom, leun meer op sy krag en ontvang meer genade van Hom (Hebreërs 4:16).

Genade is die krag van God wat sonder betaling na jou toe kom om deur jou te doen wat jy nie op jou eie kan doen nie. Pasop vir gedagtes wat vir jou sê: “Ek kan dit nie doen nie, dis heeltemal te moeilik vir my.” Partykeer lei God ons op die moeilike pad in plaas van ’n maklike een, omdat Hy besig is om in ons te werk. Hoe sal ons ooit leer om op Hom te vertrou as alles in ons lewe so maklik is dat ons dit op ons eie kan hanteer?

Die meeste mense dink om die Beloofde Land binne te gaan, beteken geen verdere stryd nie, maar dis verkeerd. As jy in die Bybel lees oor wat plaasgevind het nadat die Israëliete deur die Jordaan getrek en die Beloofde Land binnegegaan het, sal jy sien dat hulle een na die ander veldslag moes veg. Hulle het egter al daardie gevegte gewen wat hulle in God se krag en volgens sy opdrag aangepak het.

Wanneer ’n mens ’n moeilike tyd beleef, wil sy verstand die stryd gewonne gee. Satan weet dat, as hy die oorhand oor ons gedagtes kan kry, kan hy ons ook in ons werklike ervarings oorwin. Daarom is dit so belangrik dat ons nie moed verloor, moeg word en verflou nie.

“Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.” Filippense 4:13

Om reg te dink, “bewapen” ons vir die stryd. Om met verkeerde gedagtes die geveg binne te gaan, is soos om na die voorste linie in

'n oorlog te gaan sonder enige wapen. As ons dit doen, sal ons nie lank oorleef nie.

Die Israëliete was regte klakouse, moaners van formaat, en dit was een rede waarom hulle veertig jaar rondgedwaal het om 'n reis wat elf dae moes geduur het, af te lê. Hulle het oor elke moeilikheid gemor en oor elke nuwe uitdaging gekla. Hulle was gedurig besig om te praat oor hoe moeilik alles was: “Maak asseblief alles maklik; ek kan dit nie vat as dinge te moeilik raak nie.” As jy so 'n kla-kous en moaner is, sorg dat jy nuut begin dink en sê: “Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.” (Filippense 4:13).

4. *“Ek kan dit nie help nie, ek is nou eenvoudig verslaaf aan klaery, foutvindery en om te mor oor alles.”*

“Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees. ...om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God.” 1 Petrus 2:19,20

Tensy ons leer om gedurende moeilike tye God deur ons houding te verheerlik, sal ons nie van hierdie woestyn-mentaliteit verlos word nie. Dit is nie lyding op sigself wat God verheerlik nie, maar dit is 'n gelowige gesindheid tydens lyding wat vir Hom aanneemlik is en Hom tot eer strek.

Daar het baie jare verloop voordat ek beseft het dat die fokuspunt in hierdie verse nie die lyding is nie, maar wel die gesindheid wat 'n mens moet openbaar tydens lyding. Let op die woord “geduldig” wat in hierdie vers voorkom en vir ons sê dat dit vir God welgevallig is as ons geduldig is wanneer iemand ons verkeerd behandel. Dit wat Hom behaag, is ons verdraagsame gesindheid, nie ons swaarkry nie. Om ons te bemoedig in ons lyding, word ons vermaan om te kyk hoe Jesus die onregverdige aanvalle op Hom gehanteer het. Laat ons dus

na Jesus kyk as ons voorbeeld. Christus het op glorieryke wyse gely! Hy het woordeloos, sonder om te kla, dieselfde gebly in elke situasie terwyl Hy steeds op God vertrou het al het sake ook hoe sleg verloop. Hy het nie geduldig gebly wanneer die omstandighede maklik was en ongeduldig wanneer dit moeilik of onregverdig was nie.

Ek en jy kla nie met ons monde tensy ons reeds in ons gedagtes gekla het nie. Om gedurig te kla en te mor, is bepaald 'n woestyn-gesindheid wat sal verhinder dat ons sal oorstap na die Beloofde Land.

Jesus is ons voorbeeld en ons moet doen wat Hy gedoen het. Die Israeliete het gekla en in die woestyn gebly. Jesus het God geloof en is uit die dood opgewek.

In hierdie teenoorgesteldes sien ons die krag van lof en danksegging en ook die krag wat ons klaery het. Ja, om te kla, te mor, te murmureer en fout te vind, het wel krag - maar dit is negatiewe krag. Elke keer wanneer ons ons gedagtes en woorde oorgee daaraan, gee ons vir Satan mag oor ons, mag waartoe God hom geensins die reg gegee het nie.

Klaery, brommery en foutvindery kom gewoonlik voor wanneer dinge nie verloop het of mense nie opgetree het soos ons dit wou gehad het nie, of wanneer ons langer moet wag vir iets as wat ons verwag het.

In Deuteronomium 1:6 het die God vir die Israeliete gesê: “Julle het nou lank genoeg by hierdie berg gebly.” Miskien het jy reeds baie kere om dieselfde berg beweeg en is nou gereed om verder te gaan. As dit so is, sal dit goed wees as jy onthou dat jy nie op 'n positiewe wyse vorentoe sal beweeg so lank jou gedagtes en gesprekke vol klagtes is nie.

Ek sê nie dat dit maklik sal wees om nie te kla nie, maar jy het tog die

Gees van Christus. Waarom maak jy dan nie die beste gebruik van hierdie gawe nie?

5. *“Moet my nie vir enigiets laat wag nie. Ek verdien alles onmiddellik.”*

“Wag dan geduldig, broers, totdat die Here kom. Let op hoe die boer wag vir die kosbare oes wat die land oplewer. Hy wag geduldig daarvoor totdat dit die vroeë en die laat reëns gekry het.” Jakobus 5:7

Ongeduld is die vrug van trots. ’n Trotse mens kan nie met die regte gesindheid vir enigiets wag nie. Soos ons dit in die vorige gedeelte gesien het, is geduld nie die vermoë om te wag nie, maar wel die vermoë om ’n goeie gesindheid te openbaar terwyl jy wag.

Trots verhoed dat ’n mens geduldig wag, want die trotse persoon dink so baie van homself dat hy oortuig is daarvan dat hy nooit enige ongerief aangedoen mag word nie. ’n Nederige persoon sal nie ’n ongeduldige houding aanneem nie.

’n Ander manier waarop Satan ons gedagtes gebruik om ons ongeduldig te laat optree, is om ons te oortuig dat om geduldig te wees idealisties eerder as realisties is.

As ons begin dink dat alles wat ons en ons omstandighede en verhoudinge raak, altyd volmaak moet wees - geen ongerief, geen hindernisse, geen onaangename mense om mee te handel nie - dan kan ons ons maar voorberei om hard te val. Of eintlik moet ek sê, dan is Satan besig om te beplan sodat hy ons tot ’n val kan bring deur ’n verkeerde denkpatroon. Baie min dinge in die werklike lewe is ooit volmaak.

“My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings

oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard.” Jakobus 1:2,3

Geduld is die vrug van die Heilige Gees (Galasiërs 5:22) en vind neerslag in die gees van elke wedergebore mens. Dat sy mense geduld moet beoefen, is vir die Here baie belangrik. Die duiwel het geen beheer oor ’n geduldige persoon nie.

Jakobus 1 leer ons ook dat ons baie bly moet wees wanneer allerlei beproewings oor ons kom, want dit leer ons om te volhard en geduldig te wees. In my eie lewe het ek gevind dat “allerlei beproewings” wel uiteindelik daartoe meegewerk het dat ek meer geduldig en verdraagsaam kon wees, maar aanvanklik het hulle ’n hele klomp ander reaksies wat nie juis vrugte van die Gees was nie, wakker gemaak: dinge soos trots, woede, opstandigheid, selfbejammering, klaery en baie ander. Dit lyk asof ’n mens hierdie ander dinge eers moet erken en daarmee handel voordat geduld in jou lewe sigbaar word.

Soos jy sal onthou, was ’n ongeduldige houding een van die woestynmentaliteite wat meegewerk het daartoe dat die Israëliete veertig jaar lank in die woestyn rondgedwaal het. Ek wil jou regtig aanmoedig om saam te werk met die Heilige Gees soos Hy die vrug van geduld in jou laat groei. Hoe meer jy Hom teenstaan, hoe langer sal die proses duur. Leer om met geduld te reageer in alle soorte beproewings en jy sal vind dat jy ’n kwaliteit lewe ervaar wat jy nie maar net hoef te verduur nie, maar wat jy ten volle kan geniet.

Ons moet leer dat op geestelike gebied ’n reguit lyn nie altyd die kortste afstand is tussen ons en waar ons graag wil wees nie. Dit mag juis die kortste pad na vernietiging wees! Ons moet leer om geduldig op die Here te wag, selfs wanneer dit lyk asof Hy ons op ’n ompad lei om ons begeerde bestemming te bereik.

Daar is 'n menigte ongelukkige, ontevrede Christene in die wêreld bloot omdat hulle besig is om te probeer om dinge te laat gebeur, in plaas daarvan dat hulle geduldig wag dat God self hierdie dinge op sy eie manier en tyd te weeg bring.

As ons wil hê dat God se beloftes in ons lewens vervul moet word, moet ons leer om onself te verneder onder sy magtige hand. Wanneer Hy weet die tyd is reg, sal Hy ons verhoog.

Ons moet God altyd dadelik gehoorsaam, wat Hy ookal vir ons sê om te doen, maar ons moet ook waak teen vleeslike trots. Onthou: dit is trots wat aan die wortel van ons ongeduld lê. Die trotse man sê: “Moet my asseblief nie vir enigiets laat wag nie. Ek verdien alles onmiddellik.” Wanneer jy in die versoeking kom om gefrustreerd en ongeduldig te wees, beveel ek aan dat jy begin sê: “Here, ek wil graag hê dat U wil die tydsberekening sal bepaal. Ek wil U nie vooruitloop nie, maar ek wil ook nie agterbly met wat U beplan nie. Help my, Vader, om geduldig op U te wag!”

6. *“My gedrag mag verkeerd wees, maar dis nie my fout nie!”*

Die onwilligheid om verantwoordelikheid vir 'n mens se eie gedrag te aanvaar deur ander mense te blameer vir alles wat verkeerd is of verkeerd loop, is 'n baie algemene oorsaak daarvan dat ons 'n woestynlewe lei. Jy sal onthou dat die Israeliete gedurig gekla het dat al hulle probleme eintlik deur God en Moses veroorsaak is. Hulle het met groot sukses enige persoonlike verantwoordelikheid vir die feit dat hulle so lank in die woestyn rondgedwaal het, van hulleself afgeskuif.

God is altyd bereid om ons dadelik te vergewe as ons waarlik berou het, maar ons kan nie waarlik berou hê as ons nie die waarheid oor wat ons gedoen het, wil erken en aanvaar nie. Om te erken dat ons iets

verkeerds gedoen het, maar dan 'n verskoning daarvoor te wil soek, is beslis nie God se manier waarop 'n mense die waarheid onder oë moet sien nie. Natuurlik wil ons graag ons optrede goedpraat, maar die Bybel sê ons vryspraak is slegs te vinde in Jesus Christus. (Romeine 3:20-24). Ek en jy word alleen vrygespreek van ons sonde teen God deur die bloed van Jesus - nie deur ons ekskuse en verskonings nie.

Satan wil dinge verborge hou in die duisternis, maar die Heilige Gees wil die dinge in die lig bring en daarmee handel, sodat ek en jy waarlik vry kan wees. Jesus het gesê dat die waarheid ons sal vrymaak (Johannes 8:32). Daardie waarheid word geopenbaar deur die Gees van die Waarheid.

Iets in jou verlede - 'n persoon, gebeurtenis of omstandighede wat jou seergemaak het - mag die oorsaak wees van jou verkeerde houding en optrede, maar moenie toelaat dat dit 'n verskoning word om te bly soos jy is nie. Vra God om jou die waarheid omtrent jouself te wys. Wanneer Hy dit dan doen, moenie terugkrabbel nie! Dis sal nie maklik wees nie, maar onthou, Hy het belowe: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie." Hebreërs 13:5

7. *"My lewe is so ellendig; ek is so jammer vir myself omdat my lewe so ongelukkig is!"*

Sodra iemand ons seermaak, sodra ons teleurstellings ervaar, stuur die duiwel 'n bose gees om vir ons leuens te vertel oor hoe wreed en onregverdig ons mishandel word. Al wat jy hoef te doen, is om te luister na die gedagtes wat in jou kop rondwarrel in sulke tye en jy sal baie gou besef hoe die vyand selfbejammering gebruik om ons in sy kloue te kry. Die Bybel laat ons egter nie toe om onself te bejammer nie. Nee, ons word juis geroep om mekaar te bemoedig en op te bou in die Here.

Die ware gawe van meeleving beteken dat ons goddelike medelye

DIE SLAGVELD VAN ONS GEDAGTES

betoon teenoor hulle wat seergekry het en dat ons ons lewe daaraan moet wy om hulle swaarkry te verlig. Selfbejammering is egter verkeerd gerig, want dit beteken dat ons ons gevoelens op onself rig, gevoelens wat ons volgens God se wil op ander moet rig.

Selfbejammering is eintlik afgodediens - dit is selfgerigtheid, die behepthed met onself en ons gevoelens. Dit het tot gevolg dat ons slegs van onself en ons eie begeertes en behoeftes bewus is - en dit is beslis 'n selfsugtige manier van lewe.

“Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.” Filippense 2:4

Dis verstommend hoe maklik dit is om selfbejammering te vermy as ons na ander mense se omstandighede kyk en nie net na ons eie nie. Selfbejammering word versterk as ons net aan ons eie belange dink en aan niemand anders s'n nie.

Ons put partykeer onself letterlik uit in ons pogings om simpatie te kry. Ja, selfbejammering is 'n groot slagyster en een van Satan se mees geliefde maniere om ons in die woestyn te hou. As ons nie versigtig is nie, kan ons selfs verslaaf raak daaraan.

Hoeveel tyd gee jy aan selfbejammering? Hoe reageer jy op teleurstellings? 'n Christen het 'n skaars voorreg in tye van terleurstelling - hy kan nuut begin. By God is daar altyd 'n nuwe begin. Selfbejammering hou ons egter gevange in die verlede.

8. *“Ek verdien nie God se seëninge nie want ek is dit nie werd nie.”*

“Die Here het vir Josua gesê: ‘Vandag het Ek julle bevry van die smaad wat van Egipte se tyd af op julle rus.’ Josua het die plek toe Gilgal genoem. Dit is vandag nog die naam.” Josua 5:9

Ons het gesê genade is die krag van God wat aan ons geskenk word, dis 'n gratis geskenk van Hom om ons te help om met gemak dié dinge te doen wat ons nie self kan doen nie. God wil vir ons genade gee, maar Satan wil vir ons skande en smaad bring. Dat God die skande van ons wegneem, beteken dat ons elkeen vir onself die vergifnis moet toeëien wat Hy ons bied vir al ons sondes van die verlede.

Jy moet beseft dat jy nooit God se seënninge kan verdien nie - jy kan nooit daardie seënninge waardig wees nie. Jy kan hulle slegs nederig aanvaar en waardeer en met verwondering vervul wees oor hoe goed Hy vir jou is en oor hoe lief Hy jou het.

Om jouself te haat en te verwerp, om te weier om God se vergifnis te aanvaar (deur jouself te vergewe), om nie te verstaan dat jy in die regte verhouding met God kom deur die bloed van Christus nie en alle ander verwante probleme, sal beslis meebring dat jy aanhou dwaal deur die woestyn. Jou denke moet vernuwe word om te verstaan dat jou verhouding met God herstel is deur Jesus - en nie deur jou eie goeie werke nie.

Ek is na baie jare in die bediening oortuig dat omtrent 85% van ons probleme voortvloei uit hoe ons oor onself voel. Enigiemand wat jy ken wat oorwinnend lewe, lewe daaruit dat sy verhouding met God herstel is.

Niemand van ons verdien God se seënninge nie, ons ontvang hulle slegs omdat ons mede-erfgename is met Christus (Romeine 8:17). Hy het die seënninge verdien en ons deel daarin deur in Hom te glo.

“Jy is dus nie meer ’n slaaf nie; jy is nou ’n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak.” Galasiërs 4:7

Is jy ’n seun of ’n slaaf - ’n erfgenaam of ’n bediende? ’n Erfgenaam

is iemand wat iets sonder enige verdienste ontvang, soos wanneer eiendom van een persoon oorgaan in die besit van 'n ander volgens 'n testament. 'n Slaaf of arbeider is in Bybelse terme iemand wat vermoeid is omdat hy die wet probeer hou. Die term dui op moeisame arbeid en probleme.

God is gewillig om jou genade te bewys ten spyte van jou mislukkings as jy gewillig is om dit te ontvang. Hy beloon nie diegene wat volmaak is, geen swakhede het en nooit foute maak nie. Hy beloon wel die wat hulle vertrou in Hom stel en in Hom glo.

9. *“Waarom sou ek nie jaloers en afgunstig wees as al die ander mense beter daaraan toe is as wat ek is nie?”*

As ons gedagtes gedurig besig is met ander mense se sake, sal dit ons in die woestyn hou. Jaloesie, afguns en om gedurig onself en ons omstandighede in ons gedagtes met ander te vergelyk, is ook 'n woestyn-mentaliteit. *Vine se Expository Dictionary of New Testament Words* definieer die Griekse woord wat as “afguns” vertaal word as volg: “die gevoelens van ontevredenheid wat ervaar word as iemand die voorspoed van ander sien.” “Jaloesie” word in Webster se woordeboek omskryf as “gevoelens van afguns, vrees of bitterheid.” Ek vertolk hierdie definisie dat dit beteken 'n mens is bang dat jy dit wat jy het aan iemand anders sal moet afstaan; dat jy nie 'n ander persoon sukses gun nie omdat jy afgunstig op hom is.

Ons moet ons nie gedurig met ander vergelyk en met mekaar kompeteer nie.

“Daar het onenigheid onder hulle ontstaan oor wie van hulle as die belangrikste beskou moet word. Maar Jesus sê vir hulle: “By die nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem. Maar by julle moet dit nie

so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien.”

Lukas 22:24-26

Jaloesie, afguns en om jouself met ander te vergelyk, is tekens van onsekerheid. As ons onseker voel oor ons eie waarde as 'n unieke individu, sal ons gedurig wil kompeteer met enigiemand wat skynbaar suksesvol en welvarend is.

Ek skep altyd moed dat daar vir my ook hoop is as ek na Jesus se dissipels kyk en besef dat hulle met baie van dieselfde dinge waarmee ek sukkel, geworstel het. In Lukas 22 lees ons dat die dissipels gestry het oor wie van hulle die belangrikste was. Jesus het geantwoord dat die grootste persoon die een was wat gewillig was om die geringste te wees of die een wat bereid was om te dien. Jesus het 'n groot deel van sy tyd daaraan bestee om sy dissipels te leer dat lewe in die Koninkryk van God gewoonlik presies die teenoorgestelde is van die lewenswyse wat eie is aan die wêreld en die vleeslike begeertes.

Volgens die wêreld se sisteem is die beste plek om te wees vóór al die ander ouens. Dis 'n populêre sienswyse dat ons moet probeer om bo uit te kom, maak nie saak wie ons moet seermaak terwyl ons op pad boontoe is nie. Die Bybel leer ons egter dat ons geen ware vrede sal ervaar voordat ons nie verlos is van die drang om met ander te kompeteer nie.

Ons moet beslis ons beste lewer in ons werk; daar is niks verkeerd daarmee dat ons graag goed wil doen en wil vorder in die beroep wat ons gekies het nie. Ek wil jou egter aanmoedig om te onthou dat vir die gelowige bevordering van God kom en nie van mense nie. Ek en jy hoef nie deel te neem aan wêreldse speletjies om te kan vorder nie. God sal vir ons guns gee by Hom en ander as ons dinge doen soos Hy wil. (Spreuke 3:3,4)

Jaloesie, afguns en die gedurige vergelyking van jouself met ander is kinderagtig. Dit is geheel en al deel van die vleeslike wêreld en het niks te doen met die dinge van die gees nie. Inteendeel, dit is een van die grootste oorsake daarvan dat ons in die woestyn leef.

Ondersoek jou gedagtes wat hierdie saak betref. As jy beseft dat verkeerde denkpatrone deel begin word van jou denke, praat so 'n bietjie met jouself. Sê vir jouself: “Watter nut het dit om jaloers te wees op ander mense? Dit sal nie vir my tot seën wees nie. God het 'n individuele plan vir elkeen van ons en ek gaan Hom vertrou om te doen wat die beste is vir my. Dit het niks met my te doen wat Hy besluit om vir ander mense te doen nie.” Bid dan doelbewus en doelgerig vir daardie mense dat hulle nog meer geseën sal word.

Moenie bang wees om eerlik met God te wees oor hoe jy voel nie. Hy weet in elk geval hoe jy voel, dus kan jy net sowel met Hom daaroor praat.

10. “Ek gaan dit op my manier doen, of glad nie.”

Die Israeliete het groot koppigheid en opstandigheid aan die dag gelê gedurende hulle jare in die woestyn. Dit was juis dit wat veroorsaak het dat hulle daar gesterf het. Hulle wou eenvoudig nie doen wat God hulle beveel het om te doen nie! Hulle het na Hom geroep om hulle te red as hulle in 'n gemors was. Hulle het selfs na sy bevel geluister en dit gehoorsaam - maar net totdat die omstandighede verbeter het. Dan het hulle, by herhaling, weer begin rebelleer. Ons moet begryp dat daar sonder gehoorsaamheid geen behoorlike eerbied en ontsag is nie.

Gehoorsaamheid het verreikende gevolge; dit maak die poorte van die hel toe en open die vensters van die hemel. Ek sou 'n hele boek kon skryf oor gehoorsaamheid, maar op die oomblik wil ek slegs

beklemtoon dat 'n lewe van ongehoorsaamheid die vrug is van 'n verkeerde denkpatroon.

Dis baie dikwels ons gedagtes wat ons in die moeilikheid dompel. In Jesaja 55:8 sê die Here: “My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie...” Ongeag wat ek of jy mag dink, die feit is God het sy gedagtes vir ons neergeskryf in sy boek wat ons ken as die Bybel. Ons moet kies om ons gedagtes te toets aan die lig van God se Woord en altyd gewillig wees om ons gedagtes te onderwerp aan sy gedagtes, met die wete dat sy gedagtes die beste is.

Dit is presies wat in 2 Korintiërs 10:4,5 beklemtoon word. Onderzoek jou gedagtes. As hulle nie ooreenkom met God se gedagtes (die Bybel) nie, verwerp jou eie gedagtes en dink syne.

Hoogmoedige mense wat behep is met hulle eie gedagtes vernietig nie net hulleself nie, maar veroorsaak ook dikwels die ondergang van ander mense rondom hulle.

Ons gedagtewêreld is die oorlogsveld!

Dit is op die slagveld van jou gedagtes wat jy die oorlog teen Satan óf sal wen óf sal verloor. Dit is waarlik my hartsbegeerte dat hierdie boek jou sal help om elke redenasie en elke hoogharige aanval wat teen die kennis van God gerig word, te vernietig, sodat “elke gedagte gevange geneem sal word om dit aan Christus gehoorsaam te maak.”

GEBED VAN VERLOSSING

Jesus is lief vir jou en hy wil hê dat ons 'n persoonlike verhouding met hom moet hê. As jy nog nie vriendskap gelsuit het met Jesus nie en jy wil hom aanneem as jou persoonlike saligmaker, kan jy vandag besluit. Open julle harte en bid hierdie gebed.

Here, ek weet dat ek 'n sondaar is gered uit genade. Vergewe my. Reining my. Ek belowe dat ek my volle vertroue in Jesus die Seun van God sit. Ek glo dat U gesterf het vir my sondes op die kruis. En dat U opgestaan het sodat ons kan lewe en oorwinning het. Ek gee my lewe oor in U hande.

Dankie Jesus, vir die vergifnis van ons sonde en vir ewige lewe. Help ons om meer as oorwinnaars te lewe vir U, in Jesus naam, Amen.

Soos jy van jou hart gebid het, het God jou ontvang, jou gereinig en jou vrygemaak van die slawerny van die geestelike dood. Neem die tyd om hierdie Skrifte te lees en te bestudeer en vra God om met jou te praat soos jy met hierdie reis in jou nuwe lewe saam met Hom wandel.

Johannes 3:16

Efesiërs 1:4

1 Johannes 1:9

1 Johannes 5:1

1 Korintiërs 15:3-4

Efesiërs 2:8-9

1 Johannes 4:14-15

1 Johannes 5:12-13

Bid en vra Hom om jou te help om 'n goeie Bybelgelowige kerk te vind, sodat jy aangemoedig kan word om in jou verhouding met Christus te groei. God is altyd by jou. Hy sal jou eendag op 'n slag lei en wys hoe om die oorfloedige lewe wat Hy vir jou het, te leef!

Oor Die Skrywer



Joyce Meyer is sedert 1976 besig om mense te onderrig in die Woord van God en is sedert 1980 in 'n voltydse bediening. Sy is 'n baie suksesvolle skrywer van meer as sestig inspirerende boeke. Hulle sluit onder andere in *Pursuit of Peace*, *How to Hear from God*, *Knowing God Intimately* en *Battlefield of the Mind*. Sy het ook duisende kassette met lering en 'n volledige videoteek vrygestel. Joyce se *Enjoying Everyday Life* radio- en televisieprogramme word dwarsoor die wêreld uitgesaai en sy reis op groot skaal om konferensies aan te bied. Joyce en haar man, Dave, het vier volwasse kinders en woon in St. Louis, Missouri.

